# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**JUNIE 2019**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 60**

**TYD: 1 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit EEN afdeling :

    AFDELING A: KORTVERHALE (60)

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE vraag op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

## Afdeling A: KORTVERHALE

**Beantwoord AL die vrae wat volg.**

**Vraag 1: ‘n Rooie met Ratte, Pa**

### ‘n Rooie met ratte, Pa

“ ‘n Rooie met ratte, Pa! Soos Karel s’n. “Dis al wat hy nie van Karel gehou het nie. Karel het ‘n rooi fiets gehad, met ratte net soos ‘n regte resiesfiets en dun, vinnige wiele en krom handvatsels. Karel het niks verstaan van priemgetalle nie en hy’t nie geweet waar in die wêreld Groenland was nie, maar hy het wel ‘n rooi fiets gehad.
“ So ‘n fiets kos baie geld,” het sy pa gesê. En sy pa het nie gelag toe hy dit sê nie. Sy pa wou nog iets sê, maar Freddie was al in die kombuis by sy ma. Hy het sy arms om haar lyf gegooi en opgewonde uitgeroep: “Ma, ek gaan ‘n fiets kry! ‘n Rooie met ratte nes Karel s’n!” Sy ma het gelag en Freddie het glad nie gesien hoe sy oor sy kop na sy pa gekyk het nie.

“ Waar gaan ons hom sit,pa? Kan ek hom langs my bed laat staan?”
Toe lag sy pa weer. “Jy het hom nog nie eens nie!” het sy pa gesê. “Dis nog ‘n week voor jou verjaarsdag.”



Freddie kon nie wag nie. By die skool het hy vir Karel niks van die fiets gesê nie. Hy het hom selfs gehelp met die wiskunde en speeltyd het hy vir hom ‘n prentjie in die sand geteken en presies verduidelik waar lê Groenland. Karel kon nie verstaan dat Freddie nie eens ‘n draai op sy fiets wou ry in ruil daarvoor nie.
“ Het Pa al die fiets gekoop?” het hy die dag voor sy verjaarsdag vir sy pa gevra.
“ Jy sal maar moet wag en kyk,” het sy pa gesê.
“ Pa moet onthou ek verjaar more!”



1.1. Waarna verwys die titel: ‘n Rooie met ratte, Pa? 2

1.2.Die volgende stellings is ONWAAR. Haal uit die teks aan om dit te bewys.

1.2.1. Die fiets wat Freddie wou hê, was goedkoop. 1
1.2.2. Karel het geweet waar Groenland was. 1
1.2.3. Karel het ‘n swart fiets gehad. 1

1.3. Kies die korrekte antwoord, Skryf net die nommer en die letter neer.

1.3.1. Waar staan Freddie se fiets die oggend van sy verjaarsdag?

A. Langs sy bed
B. Langs die motorhuis
C. Langs die huis 1

1.3.2. Met watter twee skoolvakke sukkel Karel op skool?

A. Geskiedenis en Wiskunde
B. Aardrykskunde en Wiskunde
C Wetenskap en Wiskunde 1

1.4.Wat het Freddie een Kersfees gekry? Noem twee dinge. 2

1.5. Wat het hy daarmee gebou? 1

1.6. Wanneer verjaar Freddie (verwys na die laaste paragraaf van die uittreksel). 1

1.7. Hoe lyk die fiets wat Freddie vir sy verjaardag gekry het? Noem twee dinge. 2

1.8.Noem een ding wat Freddie se fiets beter as Karel se fiets sou kon doen?. 1

1.9. Waar het Freddie sy fiets gelos toe hy bed toe gaan? 1

1.10. Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar neer in die korrekte **VOLGORDE:**

- Freddie se fiets was gesteel
- Freddie help vir Karel met skoolwerk
- Freddie verjaar gedurende die naweek.
- Freddie wil graag 'n fiets hê 4

1.11. Watter les kan jy uit die storie leer? 1

**[20]**

**VRAAG 2: Nog iemand vir pynappel op pizza?**




Tiaan stoot sy stoel vinnig agteruit en staan op.

" Ek wil nie hier wees nie, Ma! Dis wat!"

Hy swaai om en stap voordeur toe. Hy wil nie sy ma se bekommerde oë sien nie. Hy wil nie verduidelik dat hy nie kans sien om weer van voor af te begin nie.

By die voordeur sukkel hy met die sekuriteitshek se slot.

"Flippit!" In hierdie land kan 'n mens nie eens by die deur uitstorm en dit toeklap as jy kwaad is nie, dink hy vies.

Teen die tyd dat al die slotte oop-en weer toegesluit is, is die woede weg.

Tiaan bly op die trappie staan. Miskien moet hy maar die natuurwetenskapboek gaan leen. Hy is nou buite.
Hy vroetel in sy skoolbroek se sak vir die stuk papier wat Suzanne ná skool vir hom gegee het. "Dis my adres," het sy gesê,"kom sommer enige tyd vanmiddag of môre".
Welgelegenstraat 105. Hy ken nie eens die dorp nie, hoe moet hy weet waar dit is.

2.1. Kies die korrekte antwoord.  Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.1.1.Tiaan dink Suzanne is (onvriendelik/dom/slim). 1

2.1.2. Tiaan wil nie sy ma se (woedende/ bekommerde/verveelde) oë sien nie. 1

2.2. Tiaan skrik toe Suzanne die deur oopmaak. Hoe lyk sy nou? Noem twee dinge. 2

2.3. Dink Tiaan dat Suzanne die waarheid praat dat haar pa die boekrak gaan opsit?

2.3.1. Sê JA of Nee. 1

2.3.2. Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

2.4. Pas die stelling in KOLOM A by die woorde in KOLOM B. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.4.1. Richard | A. het pers hare |
| 2.4.2. Tiaan | B. het blonde hare |
| 2.4.3. Riami | C. speel die klavier |
| 2.4.4. Suzanne | D. speel die kitaar |
| | E  speel die viool |

4

2.5. Vir watter ouderdomsgroep moet Tiaan swem? 1

2.6. ***Suzanne en Tiaan luister na 'n CD.***

2.6.1. Wat was die naam van die CD waarna hulle geluister het ? 1

2.6.2. Waarvandaan kom die CD? 1

2.7. Wat doen Riami met die groot bondel wol? 1

2.8. Wat bied Suzanne vir Tiaan op sy pizza aan? Noem twee dinge. 2

2.9. Wat is Richard se gunsteling kos? 1

2.10. Watter liedjie word op die klavier gespeel? 1

2.11. Wat wys Suzanne vir Tiaan in die motorhuis? 1

2.12. Hoe oud moet Suzanne wees om dit (in 2.11) te kan ry? 1

**[20]**

**VRAAG 3: VALENTYNSDAG**

**Valentynsdag**

“ Pa, kan ons asseblief vroeg skool toe gaan?” vra Phumi. Op pad skool toe staar Phumi by die venster uit, met ‘n dromerige glimlag op haar mond.
“Phumi is verlief!” lag haar boetie. Phumi bloos bloedrooi. “ Is nie!”sê sy en klim gou uit die motor uit. Sy waai tot siens vir haar pa en hardloop klaskamer toe. Daar is nog niemand daar nie. Sy glip die kamer binne en sit haar kaartjie binne-in Lethu se bank. Niemand sien haar nie- behalwe Kheta. Hy kruip skelm agter die deur weg en loer na haar. Sodra sy weg is, gaan hy die kamer binne. Wanneer hy uitkom, glimlag hy van oor tot oor.



Die klok lui en almal gaan die klaskamer in. Mev. Pitt, die onderwyseres, gaan na haar tafel toe en almal groet mekaar. Lethu maak sy lessenaar oop en sien die pienk kaartjie. Daar is ‘n dosie sjokolade daar bo. Phumi is geskok- SY het nie sjokolade daar gesit nie! Terwyl niemand kyk nie, haal Lethu ‘n sjokolade uit en neem ‘n GROOT hap.



“ Sies!” SKREE HY. “ Dit is nie sjokolade nie, dis modder!”
Almal is doodstil. Niemand waag dit om te lag nie.
“Goed, wie het die poets op my gebak?” vra Lethu woedend vir die klas. Niemand roer ‘n vinger nie. Phumi is amper in trane. Wie sou so ‘n aaklige ding doen?

| | |
|---|---|
| 3.1. Wat word hierdie spesiale dag genoem? | 1 |
| 3.2. Op watter datum vind hierdie dag plaas? (Dag en maand) | 2 |
| 3.3. Waarom wil Phumi op daardie dag graag skool toe gaan? | 2 |
| 3.4. Op wie is Phumi verlief? Gee sy naam. | 1 |
| 3.5. Wie is Phumi se klasonderwyseres? Gee haar van. | 1 |
| 3.6.. Die volgende stellings is ONWAAR. Gee ‘n rede vir jou antwoord. | |
| 3.6.1. Phumi sit sjokolade in Kheta se bank. | 1 |
| 3.6.2. Mara is so mooi soos ‘n model. | 1 |
| 3.7. Wat het Lethu in die bank gekry? Noem die twee dinge | 2 |
| 3.8. Hoekom was Lethu so kwaad oor die sjokolade? | 1 |

3.9. In watter klas het Phumi haar wraak beplan?

3.10. Hoe het Lethu gevoel toe hy die geskenk kry? (een woord) 1

3.11. Haal **vyf opeenvolgende woorde** wat aandui hoe Phumi gevoel het nadat Lethu sy geskenk gekry het? 1

3.12. Beskryf hoe Mara se kaartjie gelyk het. 1

**Kheta het 'n poets op Lethu gebak.**.

3.13.1. Stem jy saam die bogenoemde stelling? Sê JA of NEE. 1

3.13.2. Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

3.14. Wie het eintlik die kaartjie in Mara se bank gesit? 1

3.15. Wat was die les wat Kheta geleer het? 1

**[20]**


**Totaal vir Afdeling A : [60]**

Afdeling B: Letterkunde:
Gedigte.
Vraag 1: Vakansie
Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1. <u>As Lara glimlag</u>

**As Lara glimlag**

As Lara glimlag
word my skooltas onverwags lig,
wiskunde eensklaps maklik
en verstaan ek daai Shakespeare-gedig.
As Lara glimlag
verdwyn die grys ou skoolgebou.
Haar glimlag kan jou selfs
van Maandae laat hou.
As Lara glimlag
kry my rugbytoks vlerke,
kan selfs verloor oukei voel.
Ek wens net Lara se glimlag
was spesiaal vir mý bedoel.



***Jaco Jacobs***

Die spreker hou nie van Lara nie.

1.1 Die bostaande stelling is ONWAAR . Gee 'n rede vir jou antwoord.

1.2 Hoe voel die spreker se skooltas gewoonlik?

1.3 Watter skoolvak verstaan die spreker nie?

Die spreker vind Engels baie maklik en verstaanbaar as Lara glimlag?

1.4. Stem jy saam met die volgende stelling? Sê JA of NEE en haal uit die teks aan om jou antwoord te bewys.

1.5. Volgens die spreker, hoe lyk die skoolgebou? Gee twee woorde wat dit sal beskryf.

1.6. Van watter dag hou die spreker gewoonlik nie?

1.7. Aan watter sport neem die spreker deel? Haal een woord uit die gedig aan om jou antwoord te bewys.

1.8. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.

**i.** **"kry my rugbytoks vlerke"**, beteken

A. Sy rugbytoks vlieg weg.

B. Hy hardloop sommer baie vinniger.

C. Hy druk nou baie drieë.

**ii.** Lara kan beskryf word as

A. 'n vriendelike meisie

B. 'n ongelukkige meisie

C. 'n onbeskofte meisie.

1.9. Die volgende stelling is ONWAAR. Haal aan om jou antwoord te staaf.

**Die spreker se rugbyspan verloor nooit nie.**

1.10. Waarom is die einde van die gedig ironies?


1.11. Was Lara die spreker se nooi? Ja/Nee? Verduidelik.

1.12. Skryf die gebeure in die korrekte VOLGORDE neer.

- Lara glimlag met almal
- Wiskunde word maklik vir die spreker
- Sy rugbytoks kry vlerke
- Hy hou selfs van Maandae

VRAAG 2

2. <u>My hart is 'n hamburger</u>




2.1. Watter tipe musiekinstrument wil die spreker koop? 1

2.2. Vir wie wil hy sy liedjies op die musiekinstrument speel? 1

2.3. Gee die korrekte standaard Afrikaans vir:

a. Songs
b. Sad
c. Bun
d. Waiter 4

2.4Die volgende stelling is ONWAAR. Haal aan om jou antwoord te bewys.

**Die spreker gaan sy liedjies voor die hele skool speel. 1**

2.5. Waar werk die spreker naweke? Gee die plek se naam. 1

2.6. Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan. 1

2.7. Haal een woord uit die gedig aan wat bewys dat die spreker nie verwag het die meisie sal saam met iemand anders uitgaan nie. 1

2.8. Het die spreker letterlik sy "hart in 'n hamburger" gesit? JA/NEE? Verduidelik jou antwoord. 1

2.9. Hoe het die spreker geweet: **"tjips, geen uieringe"** ? 1

2.10. Het die spreker goeie maniere teenoor die meisie gewys? JA/NEE? Haal twee opeenvolgende woorde aan as antwoord. 1

2.11. Hoe dink jy het die spreker aan die einde gevoel? 1

2.12. Sal die spreker nogsteeds by die Spur werk? Haal een sin uit die gedig aan om jou antwoord te bewys. 1

Vakansie

A ,môre sluit die skool
en dan is ons weer vry
en maak ons weke lank
net soos ons lekker kry.

Ou Dries gaan na die

see daar naby Jeffreysbaai,
maar hy't nog nie gesien
hoe lyk 'n skerptandhaai!

Johan praat aanmekaar
net soos die grootbekspreeus
oor hoe hul weer gaan jag,
maar wat weet hy van leeus?

De Wet gaan kranse klim
daar doer by Berg-en- Dal,
maar het hy al gesien
hoe ver 'n mens kan val?

Nee, ek bly liewer tuis
waar ek kan paaie skraap,
maar selfs nog lekkerder
is dat ek l-a-a-t kan slaap.

1.1. Wanneer is dit vakansie vir die kinders? 1

1.2. Moet die kinders in die vakansie werk? Sê JA of NEE.
Haal twee versreëls as antwoord aan. 2

1.3. Wat gaan Dries in Jeffreysbaai doen? 1

1.4. Waarvoor sal Dries moet oppas? 1

1.5. Wie gaan die vakansie jag? Gee net die naam. 1

1.6. Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 3 aan. 1

(7)

<u>Vraag 2 : Ons bly by die see</u>

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Ons huis is by 'n groot blou dam
Die weer daar is altyd klam
Die lug is pragtig blou
Jy sal vakansie daar kom hou
En staan jy in die Baai
Sien jy die vin van 'n groot haai.

In die water sal hy draai en draai
So saggies, sonder ‘n lawaai
Pasop net vir sy tande
Want hy kry jou in die hande
Eet hy jou op met een hap
En dis geen grap!

So bly maar in die vlak water
Waar klein kindertjies skater
En bly so langer aan die lewe
Dan sal jou beentjies nie so bewe!

Ja, nou weet jy van my vrees
Ek kan nie in die water wees
Maar met sonbrand is ek goed
Dis net, eendag sal ek daarvoor boet!

2.1. In watter stad of dorp bly die persoon wat hier praat? Gee die naam. 1
2.2. Wat , sal jy, volgens strofe 1 daar wil gaan doen? 1
2.3. Haal een woord aan wat **nie diep nie** beteken. 1
2.4. Haal een woord aan wat dieselfde as **lekker lag** beteken . 1
2.5. Kies elke keer die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die antwoord neer .
2.5.1. Die weer is altyd klam beteken:
A. dit is altyd koud.
B.dit is altyd goed.
C.dit is baie droog.
D.dit is baie warm. 1

2.5.2. Wanneer sal jou “beentjies bewe”?
A. as jy vlak swem.
B. as jy vakansie hou.
C. as daar ‘n groot haai is.
D. as jy baie brand. 1
2.6. Waarom sal dit lekker wees om in die plek vakansie te hou? 1
(7)

Vraag 3: Ek is dertien

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

***Ek is dertien***

Dertien
is mislik en eensaam en lomp
is oorgevoelig en afgestmop
is verlang na 'n held wat sesuur kom klop
en sê ek laai jou nou-nou op
vir vanaand se fliek en pizzas eet
(al voel ek verleë en natgesweer)
ek droom my lyf is voorbladmooi
ek wens ek was Neil Sparks se nooi

Maar
so what ek koop maar warm chips
taaitoffies en coke en chocolate dips
en skryf op my hand
You know how I feel
Debra is in love with Neil.

en tjank oor die maan wat so sag
en so ver soos 'n droom lyk vannag
hier waar ek voor my venster kniel
en bid ag Here bless vir Neil.

3.1. Die meisie voel baie alleen. Haal een woord uit die gedig aan wat dit bewys. 1

3.2. Sê of die volgende stellings Waar of Onwaar is motiveer deur uit die gedig aan te haal.

3.2.1. Die spreker is baie gelukkig met haar lewe. 2

3.2.2. Haar kêrel, Neil Sparks, gaan haar vanaand om sesuur oplaai. 2

3.3. Haal 'n voorbeeld van 'n vergelyking uit die gedig aan. 1

(6)
(20)

B: Kortverhale

Vraag 1 : Diere kan ook dankie sê

1. Lees die volgende uittreksels deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Dit is goeie maniere om" asseblief" en " dankie" te sê maar ons mense vergeet dikwels om dit te doen.

Hier is 'n storie oor hoe dolfyne eendag " dankie" gesê het .

Een vuurwarm middag het vakansiegangers by 'n strandjie heerlik gerus. Hulle was moeg want hulle het die hele oggend geswem en in die son gelê. Meteens hoor hulle snaakse geluide. Dit klink amper soos kinders wat huil.

1.1. Hoe sal jy " beleefd" vra as jy iets wil hê? Haal een woord aan. 1

1.2. Watter diere het dankie gesê? 1

1.3. Waarna het die snaakse geluide geklink? 1

Toe hulle na die water hardloop, sien hulle 'n hele klomp dolfyne wat op die sand lê. Die see het hulle uitgespoel. Die warm son het op die dolfyne se lywe gebrand en hulle het gekerm van die pyn. 'n Dolfyn hoort mos in die water.
" Hoe het hulle hier gekom?" wou iemand weet.
O, hulle het seker oor die sandbank geswem en toe dit laagwater word, kon hulle nie terug in die diep see gaan nie. Die sandbank was in hulle pad," antwoord 'n man dadelik.
" Dan moet ons hulle help om in die diep water te kom," sê die man wat eerste gepraat het.

1.4. Waarom het die dolfyne die snaakse geluide gemaak? Noem twee redes. 2

1.5. Kies elke keer die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die antwoord neer.

1.5.1. " hulle het nie tou opgegooi nie" beteken:

A. Hulle het nie toue oor die dolfyne gegooi nie.
B. Hulle het 'n tou om elke dier gegooi.
C. Hulle het aangehou totdat al die dolfyne terug in die water was.
D. Hulle het water op die diere gegooi om hulle af te koel. 1

Hierdie mense was almal baie lui en nie gewoond daaraan om so hard te werk nie. En dit was BAIE HARDE WERK! Elke keer as hulle die dolfyne water toe gesleep het, het 'n brander hulle op die strand teruggeslaan.

Maar hulle het nie *tou opgegooi* nie, en na baie ure se harde werk was die dolfyne weer in die see, anderkant die sandbank.

1.6 . Die mense het baie hard op die strand gewerk. Sê Ja of Nee en haal uit die stuk aan om jou antwoord te bewys. 2

(8)

Vraag 2 Brief uit 'n bottel na 24 jaar beantwoord…….

2.Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Daniel woon in Rusland. In Maart 2011, toe hy dertien jaar oud was , het hy 'n bottel half onder die sand sien lê. Hy was nie 'n morsjors nie dus het hy dit opgetel sodat hy dit in 'n vullisblik kon weggooi. Binne-in die bottel was 'n brief wat deur iemand met die naam Frank geskryf is toe hy net ses jaar oud was.

2.1. Waar woon Daniel? Gee net die plek se naam. 1

2.2. Wanneer het hy die bottel gevind? Gee die maand en die jaar. 1

2.3. Hoe oud was hy ? Gee 3 opeenvolgende woorde. 1

2.4. Waarin sou Daniel die bottel gooi? Gee een woord. 1

2.5. Deur wie is die brief geskryf? 1

2.6. Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is en haal uit die teks aan om jou antwoord te bewys.

2.6.1. Die brief is in Engels geskryf. 2

(7)

Vraag 3 :Sop met 'n skop.

Lees die onderstaande uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Wolf het 'n ver pad geloop om by sy broer te gaan kuier.
Nou is hy honger en dors. In die veld kry hy Leeu wat aan 'n sebra lê en eet. 'n Entjie weg sit Jakkals vir 'n bietjie oorskiet en wag.
" Naand , Leeu, sê Wolf vriendelik.
"Mmm," sê Leeu, en hy kraak 'n murgbeen oop.

Wolf gaan op sy hurke sit. “ Hoe lyk dit, nooi jy my dan nie om ‘n stukkie saam te eet nie?”
“Ja, ja!” sê Jakkals gretig.
“Bly stil! Sê Wolf, en Jakkals gee ‘n paar tree pad.
“Nee,” sê Leeu en hy skeur aan die boud se sagte vleis.
“Net so ‘n bietjie soppies om te lek,” vra Wolf. “ Ek is baie dors.
“ Ek lek my eie sop ,” sê Leeu.
“Net ‘n ou murgbeentjie om af te eet,” soebat Wolf.

3.1 . Wie is baie dors? Gee net die naam. 1

3.2.Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en haal aan om jou antwoord te bewys.

3.2.1. Leeu is besig om ‘n volstruis te eet. 2

3.3. Pas die stellings in Kolom B by die name in Kolom A.
Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B | |
|---|---|---|
| 3.3.1. Wolf | A. kou aan ‘n murgbeen | |
| 3.3.2. Jakkals | B. gaan by sy broer kuier | |
| 3.3.3. Leeu | C. wag vir oorskiet | |
| | D deel sy sagte vleis | 3 |

(6)

(20)

Totaal vir Afdeling B :[40]

Somtotaal: [100]